KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE MARSBANKER ("*Horse Mackerel*") VISSERY: 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3
2. Biologiese status van die vissery 4
3. Profiel van die Vissery 4
4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning 5
5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 5
6. Tydsduur van regte 6
7. Nuwe inkomelinge 7
8. Evaluasiekriteria 7
8.1 Uitsluitingskriteria 7
8.2 Vergelykende balanseringskriteria 8
(a) Transformasie 8
(b) Belegging in die vissery 9
(c) Werksgeleenthede 9
(d) Waardetoevoeging 10
(e) Prestasie 10
(f) Betaling van visvangheffings 10
(g) Byvangs 10
(h) Wetsnakoming 11
8.3 Kwantumkriteria 11
9. Geskikte vaartuie 12
10. Multi-sektorale betrokkenheid 12
11. Landingplekke 12
12. Bestuursmaatreëls 13
12.1 Ekosisteem-benadering tot bestuur van vissery 13
12.2 Konsolidasie van deelnemers 13
12.3 Maksimum voorsorg-vangsperk 13
13. Meet van prestasie 14
14. Waarnemersprogram 15
15. Permitvoorwaardes 15

1. Inleiding

Hierdie konsepbeleid vir openbare kommentaar handel oor die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die marsbanker ("*Horse Mackerel*") vissery en word deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene- en Kusbestuur uitgereik. Die konsepbeleid moet saamgelees word met die Konsep van die Algemene Beleid aangaande die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("*die Algemene Visvangbeleid*"). Belanghebbende en geaffekteerde partye mag skriftelik kommentaar lewer by die Departement teen 4 April 2005. Opmerkings wat na hierdie datum ontvang word sal nie in aanmerking kom nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks:	**Per Pos:**	**Per E-pos:**
Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die marsbanker vissery uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut. Hulle is in die verlede deur die Departement gebruik by die toekenning van regte. Hierdie beleid weerspieel sodanige oorwegings, maar sluit 'n paar veranderings en toevoegings in.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings in verband met die toekenning van regte verskyn ook in hierdie konsepbeleid. 'n Bestuurshandboek vir die Marsbanker vissery sal met regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in die fyn besonderhede die toepaslike bestuursmetodes en -prosedures vir die bedryf uitstippel

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om artikel 18-magte, om kommersiële visvangregte van die marsbanker vissery toe te ken word, ingevolge artikel 79

van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Biologiese status van die vissery

Die suidelike Afrikaanse sub-spesie marsbanker (*Trachurus trachurus capensis*) kom langs die hele Suid-Afrikaanse kus voor, maar die grootste hoeveelheid volwassenes wat geteiken word, is te vinde op die Agulhas-bank, naby die breuk van die kontinentale plat. Jeugdiges kom voor hoofsaaklik langs die weskus, waar hulle deur saknetvissers in die eerste kwartaal van die jaar gevang word.

Die Suid-Afrikaanse voorraad marsbankers is redelik klein, vergeleke met die wêreldstandaad. Die status van die Suid-Afrikaanse voorraad word steeds bepaal. Om hierdie rede word die marsbankerbedryf bestuur in terme van 'n maksimum voorsorg-vangsperk (MVVP). Die MVVP het sedert 1990 tussen 22 000 en 54 000 ton gewissel.

Dit is belangrik dat kennis geneem word van die feit dat die Kaapse marsbanker hoogs nomadies is. Plaaslike beskikbaarheid wissel en is afhanklik van omgewingstoestande.

3. Profiel van die Vissery

Die marsbankerbron word hoofsaaklik deur die middel-water treilvissery geteiken, maar aansienlike geteikende en toevallige byvangste vind plaas in die bodemtreilvissery wat op stokvis gemik is. Verder word jong marsbankers aan die weskus as byvangs in die saknetvissery gevang. Terwyl die vangs van jeugdiges deur die saknetvissery gewoonlik minimal is, was dit by geleentheid aansienlik en word tans streng beperk tot 5 000 ton per jaar.

Bestuur van die marsbankerbron in Suid-Afrikaanse waters word bemoeilik deur 'n gebrek aan data, veral die gebrek aan tydsgekoppelde bronvlak aanwysers. Die mees betroubare aanduiding van bronvlakke is te vinde in inligting bekom van diepsee-treil oorsigte wat bodemtreiltoerusting gebruik. Hierdie aanduiding onderskat waarskynlik die grootte van die

bron. Die status en produktiwiteit van die bron is dus minder bekend as dié van ander Suid-Afrikaanse bronne soos stokvis, sardien en ansjovis. Die data oor marsbankers is onvoldoende, want die hooffokus van navorsing tot dusver was om inligting in te win oor gevestigde visserye soos stokvis en sardiens.

Die marsbankerbedryf verskaf werk aan ongeveer 50 persone aan boord die een midwater-treilboot. Hiervan is slegs 16 Suid-Afrikaners. Marsbankers word oorgelaai en uitgevoer sonder om in Suid-Afrika geland of geprosesseer te word. Die vis word na Wes-Afrika uitgevoer en verdien ongeveer R2.50 per kilogram. Die vangs is jaarliks ongeveer R55 miljoen werd.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

In 2001 is medium-termyn regte vir geteikende midwater-treilvissery aan 21 maatskappye toegeken, waarvan vyf nuwe inkomelinge was. Die nuwe inkomelinge is elk 500 ton toegeken en die res van die TTV is onder bestaande regtehouers verdeel. Die toekenning het oorweging gegee aan vorige toekennings en punte behaal in die vergelykende balanseringsbepaling.

Die medium-termyn toekenningsrekords wys dat:

- 41 persent van die huidige deelnemers in swart besit is;
- 29 persent van die huidige deelnemers onder swart bestuur is;
- 37 persent van die TTV gehou word deur maatskappye in swart besit.

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte by die toekenning van langtermyn visvangregte is om:

- die transformasieprofiel van die marsbankervissery te verbeter;
- ‘n belegging- en werkskeppingsvriendelike omgewing te skep;
- die ekonomiese lewensvatbaarheid en omgewingsvolhoubaarheid van die bedryf te ondersteun;
- die landing en prosessering van marsbankers in Suid-Afrika aan te moedig.

Die Departement sal erkenning gee aan twee tipes marsbanker-gerigte vangspogings. Eerstens, dié wat marsbanker met ‘n midwater-treilboot teiken. Hierdie regtehouers mag slegs ‘n midwater-treilnet gebruik en alle stokvis wat geoes word, sal as byvangs beskou word. Die beperking op stokvis-byvangs sal hier geld.

Regtehouers wat ‘n diepsee stokvistreilreg en ‘n marsbankerreg het, mag ‘n diepwater en ‘n midwater treilnet dra. Stokvis wat in hierdie geval gevang word, sal van die regtehouer se stokvistoekenning afgetrek word.

Van regtehouers sal verwag word om te spesifiseer watter opsie hulle van voorneme is om uit te oefen.

6. Tydsduur van regte

Met inagneming van -

- die transformasieprofiel van die vissery;
- die kapitaal-intensiteit van die vissery;
- die noodsaaklikheid om die landing van marsbankers in Suid-Afrika aan te moedig en om meer Suid-Afrikaanse werksgeleenthede in hierdie bedryf te skep;
- die behoefte vir die verhoging van ekonomiese stabiliteit en mededinging in die bedryf; en
- die feit dat die marsbankerbron meer navorsing benodig,

is die Departement voornemens om kommersiële visvangregte vir ‘n tydperk van 10 jaar (1 Januarie 2006 to en met 31 Desember 2015) toe te ken, onderworpe aan gereelde hersiening met betrekking tot voorafbepaalde prestasiekriteria soos die bereiking van ooreengekome transformasiedoelwitte (***sien paragraaf 12 hier onder).***

7. Nuwe inkomelinge

Ten spyte daarvan dat die Departement van mening is dat die vissery optimaal ontgin word, is die Departement voornemens om nuwe aansoekers toe te laat vanweë die swak transformasieprofiel, tesame met die feit dat marsbankers geoes en uitgevoer word sonder prosessering in Suid-Afrika. Nuwe aansoekers sal slegs regte ontvang word indien hulle –

- ten opsigte van besit en bestuur wesentlik getransformeer is;
- nie as fronte vir ander maatskappye optree nie;
- onmiddellike toegang het tot geskikte vaartuig/vaartuie en tot die nodige kapitaal om 'n midwater treilbedryf te finansier.

8. Evaluasiekriteria

Aansoeke sal volgens 'n stel "*uitsluitingskriteria"* ondersoek word, en daarna teen mekaar opgeweeg word volgens 'n stel gelaaide "*vergelykende balanseringskriteria".* 'n Afsnypunt sal dan bepaal word. Die TTV sal dan proporsioneel onder die aansoekers volgens 'n stel "*kwantumkriteria"* verdeel word.

8.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe die kriteria beskryf in die Algemene Beleid met betrekking tot die onbehoorlike indiening van aansoeke en wesentlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van die aansoeker**: Slegs aansoeke van entiteite geïnkorporeer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984 en die Maatskappyewet, Wet 61 van 1973, sal in aanmerking kom. Aansoeke van natuurlike persone (d w s individue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie.

(b) **Wetsnakoming**: Visvangregte vir die marsbankerbedryf sal nie toegeken word nie aan regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers

wat skuldig bevind is aan ‘n misdryf ingevolge die WLMH (sonder die opsie om ‘n boete te betaal). Regte sal ook nie toegeken word nie aan regtehouer-aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wie se visvangregte gekanselleer, opgeskort of ingetrek is ingevolge die WLMH.

Regtehouers, insluitende hulle direkteure of beherende aandeelhouers wat tans vir oortredings (hetsy krimineel of administratief) van die WLMH ondersoek word, sal nie vir ‘n visvangreg kwalifiseer voordat die ondersoek afgehandel is nie.

Die Departement verwag dat elke regtehouer ‘n heffing betaal op die teikenspesies van visvangste. ‘n Aantal regtehouers het òf nog nie heffings betaal nie, of nie die hoeveelheid van die vangste korrek aangemeld nie om daardeur onder andere die betaling van heffings te vermy. Laasgenoemde sal uitgesluit word. Eersgenoemde sal gepenaliseer word in die vergelykende balanseringsproses soos hier onder uiteen gesit. Sou sodanige aansoeker egter nietemin vir ‘n reg kwalifiseer, sal ‘n visvangpermit nie uitgereik word nie alvorens die uitstaande heffings (plus rente) by die Departement betaal is nie.

(c) **Papierkwota’s:** Papierkwota’s soos uiteengesit in die Algemene Beleid sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot ‘n geskikte vaartuig:** Aansoekers sal moet bewys dat hulle reg tot toegang tot ‘n geskikte vaartuig het **(sien paragraaf 9 hier onder).**

8.2 Vergelykende balanseringskriteria

Aansoekers wat regte hou, asook potensiële nuwe inkomelinge, sal geëvalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria wat gelaai sal word, ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal.

(a) **Transformasie**

Die Departement se doel met die proses van langtermyn regtetoekenning in hierdie vissery is om op die huidige vlakke van transformasie te verbeter. Soos in die Algemene Visvangbeleid uiteengesit sal aansoekers evalueer word volgens -

- Die persentasie swart persone en vroue wat op eienaarsvlakke en uitvoerende bestuursvlakke verteenwoordig is;
- Of werknemers aandeelhouers van die aansoeker is, en die voordele wat hulle hieruit verkry;
- Regstellende aankope;
- Die aantal swart persone en vroue op die verskillende vlakke benede uitvoerende bestuur;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, Wet 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die vissery

In verband met bestaande regtehouer aansoekers, sal die Departement die volgende spesifiek in ag neem:

- Beleggings in vaartuie geskik om marsbankers te oes. Hierby sal beleggings in die vorm van aandeelhouding oorweeg word.
- Beleggins in prosesserings- en bemarkingsinfrastruktuur. Die Departement sal veral diegene beloon wat onderneem om marsbankers in Suid-Afrika te land en te prosesseer.

Die Departement sal in aanmerking neem watter beleggings nuwe aansoekers gemaak het in vaartuie, prosessering- en bemarkingsinfrastruktuur. Verder moet nuwe aansoekers kan bewys dat hulle die kennis, vaardigheid en vermoë het om marsbankers te vang.

(c) Werksgeleenthede

Die Departement sal die aansoekers beloon wat hulle werknemers van die volgende voorsien:

- Voltydse werk;
- Mediese- en pensioenvoordele;
- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Verder word regtehouer aansoekers beloon volgens die aantal werksgeleenthede geskep per ton vis toegeken. Die Departement sal ook die loonverskille tussen die laagste en hoogste besoldigde werkers in ag neem.

(d) Waardetoevoeging

Die Departement sal die vermoë, of voornemens van regtehouers om waarde by tot marsbankers toe te voeg, deur middel van prosessering van visprodukte vir die plaaslike en internasionale market, in aanmerking neem.

(e) Prestasie

Regtehouers wat aansienlik meer of minder as hulle toekennings (meer as 10 persent) gevang het, sal gepenaliseer word. Finansiële prestasie sal gemeet word soos in die Algemene Beleid aangedui.

(f) Betaling van visvangheffings

Regtehouers sal gepenaliseer word, indien hulle heffings vir langer as 60 dae nie betaal is nie.

(g) Byvangs

Die impak op dolfyne, diepsee haaie en sonvis, as gevolg van die treilvangs van marsbankers, is kommerwekkend. Aansoekers wat stappe kan aantoon wat geneem is om die impak van midwater treilvissery op hierdie spesies te verminder sal 'n positiewe puntetoekenning kry.

Stokvis byvangste in die marsbanker midwater treilbedryf word op net minder as twee persent van die marsbankersvangs bereken. Voorgenome aansoekers sal moet aantoon watter byvangstempering en verminderingsmaatreëls hulle in werking gestel het of – in die geval van nuwe aansoekers – watter metodes hulle sal toepas om te verseker dat hulle aan bogenoemde byvangsbeperkings voldoen.

(h) Wetsnakoming

Aansoekers wat versuim om te voldoen aan hulle verpligtings ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 97 van 1998 en die Wet op Heffing van Vaardigheidsontwikkeling, 9 van 1999, en diegene wat geringe oortredings van die WLMH begaan het (d w s oortredings wat nie hulle uitsluiting regverdig nie) sal gepenaliseer word.

8.3 Kwantumkriteria

Ten opsigte van regtehouers sal die Departement die 2005-toekennings as basis gebruik, proporsioneel die toekenning van regtehouers wat uitgesluit was byvoeg en dan die volgende stel kwantumkriteria ontwikkel, gebaseer op die volgende:

(a) Transformasievlak: 20 persent van die TTV sal hervers prei word ooreenkomstig punte vir transformasie deur elke suksesvolle aansoeker behaal;

(b) Landing van marsbankers in Suid-Afrika: 20 persent van die TTV sal hervers prei word aansuksesvolle aansoekers wat voornemens is om marsbankers in Suid-Afrika te land en produkte vir menslike verbruik te ontwikkel;

(c) Die oneweredige verdeling van die MVVP onder regtehouers: Hierdie faktor sal ook in ag geneem word**.** Tien persent van die MVVP sal aan aansoekers

toegeken word met bo-gemiddelde balanseringspunte en onder-gemiddelde kwantumtoekenning.

Nuwe aansoekers sal dieselfde toekenning ontvang as die laagste toekenning aan suksesvolle bestaande regtehouers.

9. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig vir marsbankervissery is 'n vaartuig wat -

- Toegerus is vir midwater treilvissery;
- 'n Geskikte diepsee stokvis treilvaartuig is en 'n midwater treilnet kan dra;
- SAMVV-gesertifiseerd is; en
- Toegerus is met 'n funksionerende vaartuigmoniteringstelsel.

10. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die marsbanker vissery word nie daarvan uitgesluit om regte in die Groepe A- en B visserye te hou nie. Regtehouers in die marsbankervissery (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van hulle uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in die Groepe C- en D visserye te hou nie.

Midwater treilvaartuie sal nie toegelaat word om in ander visserye werksaam te wees nie, behalwe in die geval waar die regtehouer ook 'n reg in die diepsee treilvissery hou. Dan mag die vaartuig beide regte uitoefen.

11. Landingplekke

Vangste mag slegs geland word by die Suid-Afrikaanse hawens van Saldanha, Kaapstad, Houtbaai, Mosselbaai en Port Elizabeth.

12. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hier onder bespreek word, verwys na sommige van die Departement se hoofvoornemens vir die bestuur van hierdie vissery, nadat regte toegeken is.

12.1 Ekosisteem-benadering tot bestuur van vissery

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot die vissery (EBV). 'n Ekosisteembenadering tot die bestuur van die vissery is 'n holistiese en geïntegreerde beleid wat erkenning gee daaraan dat visvang en verwante aktiwiteite op land die breë mariene omgewing kan beïnvloed. Hierdie deel van die beleid vir die marsbankerbedryf is egter nie daarop gerig om 'n beleidsverklaring te maak oor EBV in die marsbankerbedryf nie. Die EBV in die marsbankerbedryf sal verder uiteengesit word in die Bestuurshandleiding vir die Marsbankerbedryf. Suid-Afrika bly verbind tot 'n teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van 'n EBV in die kommersiële vissery

12.2 Konsolidasie van deelnemers

Na die toekenning van kommersiële visvangregte vir 10 jaar in hierdie bedryf sal die Departement die konsolidasie van aktiewe regtehouers in die bedryf fasiliteer, veral waar:

- Regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantoor of bestuurspan het; en
- Kleiner regtehouers hulle sakebedrywighede wil konsolideer.

12.3 Maksimum voorsorg-vangsperk

Die bron sal bestuur word met ‘n maksimum voorsorgvangsperk (MVVP) en toerustingbeperkings. Die MVVP sal jaarliks bepaal word en word hoofsaaklik gebaseer op ‘n ouderdoms-gestruktureerde surplusproduksiemodel met die gebruik van vangsdata en biomassa-beramings. Verder mag die MVVP aangepas word in terme van versteuringseksperimente met die doel om reaksies uit die bron lok. Hiervolgens kan die inhoud van die beskikbare data vir bronbepalings verbeter word. Die metode om jaarliks die MVVP te bereken, mag gedurende die regtetydperk op grond van beskikbare data en verbeterde bepalingsprosedures gewysig word.

‘n Deel van die MVVP sal toegeken word aan regtehouers van die marsbanker geteikende visserye wat bodem- en midwater-treiltoerusting gebruik en ‘n deel sal gereserveer word om byvangste in die diepsee stokvisteiken vissery te dek. Verder mag die saknet-vloot wat vir pelagiese vis, nie meer as 5 000 ton marsbankers vang nie.

13. Meet van prestasie

Die Departement sal ‘n aantal formele ondersoeke instel om prestasie in die gebruik van regte te meet oor die tydsduur van die regte. Daar word beoog om die eerste prestasiebepalings na twee jaar uit te voer en daarna na elke drie jaar.

Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet sal word na die toekenning van kommersiële visvangregte en na oorlegpleging met regtehouers sal finaliseer, kan die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word.

- transformasie;
- belegging in vaartuie, fabrieke en toerusting;
- volhoubare gebruik en veral byvangstetempering en die biologiese en ekologiese gevolge van treilvisvang;
- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

14. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemerprogram sal uitgebrei word om waarneming vir wetstoepassingsdoeleindes in te sluit. Verder sal die Departement die waarneming van hierdie vissery stelselmatig uitbrei. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemingsprogram te dra.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes op hierdie vissery vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om oor hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer.